LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

05-08-2019

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 26 VIR 2019

1 KOOR:

Daar is geen kooroefening dié week vir die Junior- en Seniorkore nie.

2 HEIDELBERG EISTEDDFOD:

- Bring asb. julle oorspronklike uitslae (geen afskrifte sal aanvaar word nie) na Juf. Lizelle (Juniors - Gr. 1-3) en by Juf. Madeleine (Seniors - Gr 4-7).
- Leerders moet hul sertifikaat, repliek en naam van gedig/liedjie/dans wys om in aanmerking te kom vir bekroningsaand. Sluitingsdatum vir sertifikate is 5 Aug 2019.

3 SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD:

Suikerbosrand se tweede afdeling wat Drama, Kuns, Vokaal en Musiek insluit, vind die week van 15-19 September plaas. Inskrywings (R40 per inskrywing) vir dié Afdeling sluit 8 Aug. 2019, gelde moet asb. by Juf. Lizelle in 'n koevert inbetaal word.
Kunsstukke moet 1 September ingehandig wees en die tema is Plastiek verswelg ons.

4 SPREEKKOOR:

- Geen oefening vandag nie, wel weer op 12 Augustus 2019.
- Baie geluk met julle goud wat julle behaal het tydens Heidelberg Eisteddfod.

5 CONQUEROR WAENTJIE PROJEK:

- Hierdie is ons laaste GROOT fondsinsamelingsprojek vir die jaar.
- Ons vra GROOT ASSEBLIEF vir 'n groot poging van die ouers en leerders.
- Ons loot 'n Conqueror waentjie, Courage Trailer, ter waarde van R127 000 uit.
- Trekking vind plaas by die Varkfees.
- Die leerder wat die meeste kaartjies verkoop wen R1000.
- Die gesin wat die meeste kaartjies verkoop wen die waarde van 1 jaar se skoolgeld vir 2 kinders.
- Vir elke 5de kaartjie wat verkoop word, mag leerders gewone klere aantrek en elke 10de kaartjie kry die kind 'n snoepie koopbewys by.

6 VARKFEES:

- Vanjaar vind ons Varkfees plaas op 6 en 7 September 2019 by Heidelberg Vliegveld.
- Maak seker u besoek die webblad, www.varkfees.co.za, vir die kunstenaars wat optree en die program vir die naweek.
- ***Dankie aan ons ouers wat so vinnig gereageer het op die skoftye. Meeste van die skofte is gevul. Ouers wat graag nog wil help, kan hul besonderhede deurstuur vir Vrydag - 19:00 - 21:00 en Saterdag - 13:00 - 16:00 en 16:00 - 19:00.***

7 DRAMAKLUB:

Dramaklub is Woensdag, 7 Augustus 2019 vanaf 14:00 - 15:00 in Juf. Madeleine se klas.

GEEN SPORTOEFENING VIR DONDERDAG NIE!

8 LANDLOOP:

Landloop oefening: Maandae, Dinsdae en Woensdae vanaf 15:00 - 16:00 by Hoër Volkskool se sportvelde.

9 KRIEKET:

Oefentye:
Maandag:
0/13A = 14:00 - 15:30 by Hoër Volkskool
0/11 A,B,C = 14:00 - 15:00
Dinsdag:
0/13 A = 14:00 -15:00
0/11 A, B, C = 14:00 - 15:00
Donderdag:
Geen oefening.

9.1 MINI-KRIEKET:

Oefening is Woensdag vanaf 14:00 - 15:00 op ons velde vir Gr. 1 en 2 seuns.

10 HOKKIE:

10.1 MINI-HOKKIE:

- Oefentye is soos gereël.
- Wedstryddatums: 15 Aug, 22 Aug en 29 Aug te Arconpark.

10.2 SEUNSHOKKIE:

Seuns oefen vanaf 15:45 tot 17:00 te Hoër Volkskool se velde by die netbalbane.

10.3 DOGTERSHOKKIE:

Oefentye is soos gereël met spanne.

11 GRAAD R REGISTRASIE VIR 2020:

- Ons amptelike Graad R Opedag vir 2020 is op Vrydag, 13 September 2019 om 08:00 tot 11:00 in ons skoolsaal. Opening vir ouers en kleuters sal 08:00 wees, waarna almal saam na die Kleuterskool sal verdaag vir die res van die program.
- Ouers kan wel vanaf 1 Augustus 2019 registrasievorms by die Navraekantoor of vanaf die skool se webblad afhaal.
- Volledig voltooide registrasievorms moet voor of op 18 Oktober 2019 by die Navraekantoor ingehandig word.

12 ***SKAAK:***

- Woensdag is skaakoefening by Hoër Volkskool vir al die ligaspelers vanaf 17:00 - 18:00.
- Baie geluk aan die O/13 seuns met 'n 1ste plek en die O/11 seuns- en dogterspanne met 'n 2de plek.
- Al dié spanne dring deur na die Gauteng Kampioenskappe, op 23 Augustus 2019.

13 WISKUNDE OLIMPIADE:

Ingeskrewe Gr. 6 en 7 leerders skryf hul Wiskunde vraestel op 5 Augustus 2019 om 14:00 in Juf. Labuschagne se klas. Onthou om julle vraestelle te oefen.

14 WETENSKAP OLIMPIADE - GR 6:

Ingeskrewe leerders skryf Dinsdag, 6 Augustus 2019 om 14:00 in Juf. Labuschagne se klas hul Wetenskap vraestel.

15 SA Water Warriors-projek:

South African Water Warriors is 'n Nie-Winsgewende Organisasie wat geregistreer is by die Departement van Sosiale Ontwikkeling met NPO No: 212-127.
Die voortslepende droogte in dele van Suid Afrika laat ons boere en gemeenskappe in 'n gebroke finansiële situasie, wat nie slegs die boere-families raak nie, maar ook die van hul werkers en families, hul vee asook hul troeteldiere. Baie van hierdie areas gaan gebuk onder 'n droogte van ongeveer 5-6 jaar waar geen inkomste gegenereer word nie. Waar daar eens lande vol voer gekweek was, lê nou droog en verlate.
Ons boere in Suid Afrika het ons hulp ongelooflik baie nodig, selfs so ver as hul eie leë kos kaste.
Ons grootste wens is om genoeg donasies in te kry om ongeveer 335 gesinne in die Noord Kaap verligtig te gee.
Met verskeie skole kan ons almal saam hul ondersteun en weer hoop gee. Deur ons kinders is dit ook 'n maklike manier om die publiek toegang te gee na 'n donasie stasie sonder om na 'n spesifieke aflaai punt spesiaal te ry.
Vir meer inligting kan u vir Mev. Mariska Botha kontak by 0740550878.

16 **WOORDEBOEK-DAG:**

- Ons hou 'n Woordeboek-dag op 8 Augustus vir die Graad 4-7 leerders.
- Al die leerders, Gr. 4-7, moet hulle gesigte verf soos 'n woord wat met die eerste letter van hulle VAN begin: bv. STRYDOM - sonstraal.
- Ons versoek al die leerders om asb. 'n prentjie van hul woord saam te bring wat in 'n klasaktiwiteit gebruik gaan word.
- Indien leerder 'n woordeboek besit, dring dit asb. saam skooltoe.
- Ons is TROTS AFRIKAANS!

17 MUSIEKPRET 2019:

Dit is weer tyd vir ons MUSIEKPRET aand wat gaan plaasvind op 4 September 2019 om 18:30 vir 19:00 in ons skoolsaal.
Bespreek jou kaartjie of tafel vir 10 gaste by Juf. Ronelle Terblanche @ R80 per persoon.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF